Tweede les

# Die ABC van Hekelwerk

**AFKORTINGS:** *ks – kettingsteek; kb – kortbeen; lb – langbeen; hlb – halflangbeen; dsl – dubbelslagsteek; vermeer – vermeerder; vermin – verminder; gs – glipsteek; goh – garing oor hekelpen; g – gram; st(e) – steek(steke); ls(e) – lus(lusse); sp(s) – spasie(spasies); vlg – volgende; herh – herhaal; driesl – drieslagsteek; viersl – vierslagsteek; tr – trossie: hekel net soveel langbene as wat aangedui word, maar hou laaste lus van elk op pen, garing oor hekelpen en trek deur alle lusse.*

*** STERRETJIE:** *Wanneer 'n mens 'n sterretjie in die patroon aantref – dit kan een of meer sterretjies wees – moet jy met die patroon voortgaan tot aanwysings aandui dat na die sterretjie terugverwys moet word en die patroon van daar af herhaal moet word.*

## BETER BEGRIP VAN HEKELAANWYSINGS

**1. Steek pen in steek**

Die aanwysing, *steek hekelpen in steek*, beteken, tensy anders uiteengesit, dat hekelpen in die steek van vorige ry, onder die boonste lus ingesteek moet word.

In sommige gevalle tel 'n mens egter slegs die agterste deel van 'n lus op om sodoende 'n rif te vorm — dit word 'n rifsteek genoem.*

**2. Draai**

Aanwysings gee gewoonlik presies aan hoeveel kettingsteke aan die einde van 'n ry gehekel moet word om te draai, of hoeveel kettingsteke aan die einde van 'n rondte gehekel moet word wanneer in rondtes gehekel word. Indien so 'n aanwysing per ongeluk weggelaat is, moet die volgende in gedagte gehou word: Hekel een kettingsteek vir 'n kortbeen; twee kettingsteke vir 'n halflangbeen; drie kettingsteke indien langbene gehekel word; vier kettingsteke vir 'n dubbelslagsteek, ensovoort.

**3. Steke wat trossies vorm**

Wanneer trossies gehekel word, moet 'n mens die laaste lus van elke steek op hekelpen hou dan die garing weer om hekelpen slaan en tegelykertyd deur alle lusse trek.

**4. Sluit om 'n ring te vorm**

Wanneer 'n mens op so 'n aanwysing afkom, beteken dit dat 'n glipsteek in die eerste kettingsteek gehekel moet word om 'n ring van die ketting te vorm.

**5. Vergroot**

Wanneer 'n doilie vergroot moet word, moet meer rondtes gehekel word, maar in elke rondte moet 'n paar steke vermeerder word sonder om die patroon te verander.

**6. Leestekens**

Let baie goed op die leestekens wat in 'n patroon voorkom; 'n komma skei gewoonlik net die steke, maar by 'n kommapunt word as 'n reël 'n herhaling of 'n nuwe handeling begin. Lees dus die patroon sorgvuldig deur voor jy begin.









## A. VIERKANTIGE BLOU DOILIE

**1e rondte:** Hekel 6 ks en sluit met gs om ring te vorm.
**2e rondte:** 3 ks (= 1 kb plus 2 ks om hoek-sp te vorm), *3 kb, 2 ks in ring*; herh van * tot * nog 2 keer, eindig met 2 kb, gs in 1e van 3 begin-ks.
**3e rondte:** *In die 2-ks-sp word 1 kb, 2 ks en 1 kb gehekel; 1 kb, hekel wéér 1 kb in elk van vlg 3 kb, maar steek pen slegs in agterste lus van elke kb om rif te vorm*; herh van * tot * tot einde en eindig met gs in 1e kb.
**4e en daaropvlg rondtes:** kb, maar hekel steeds in agterste lus van elke steek; in elke hoek-sp word deurgaans (1 kb, 2 ks en 1 kb) gehekel; eindig met gs in 1e kb.

## B. SESHOEKIGE GROEN DOILIE

**1e rondte:** Hekel 6 ks en sluit met gs om ring te vorm.
**2e rondte:** 3 ks (vir 1e lb), 11 lb in ring, eindig met gs in bopunt van derde van 3 begin-ks — 12 lb altesaam.
**3e rondte:** 1 kb in gs, *2 kb in vlg st, 1 kb in vlg st*; herh van * tot * deurgaans en eindig met gs in 1e kb.
**4e rondte:** 3 ks (= 1e lb), 1 lb in basis van 3 begin-ks, *1 lb in elk van vlg 2 kb, 2 lb in vlg steek (= hoek)*; herh van * tot * deurgaans en eindig met gs in bopunt van 3e begin-ks.
**5e rondte:** 1 kb in elke lb, maar 2 kb in elke hoek-lb; eindig met gs in 1e kb.
**6e rondte:** 1 lb in elke kb, maar 2 lb in elke hoek-kb; eindig rondte met gs in bopunt van 3 begin-ks.
**7e en daaropvlg rondtes:** Soos 5e rondte.

## C. RONDE WIT LAPPIE

**1e rondte:** Hekel 2 ks.
**2e rondte:** In die 2e ks van hekelpen af word 5 kb gehekel; eindig met 1 kb in bopunt van 2 begin-ks.
**3e rondte:** 1 ks (= 1e kb), 1 kb in gs; hekel 2 kb in elk van vlg 5 kb ('n totaal van 12 kb); eindig met gs in 1e ks.
**4e en daaropvlg rondtes:** Hekel deurgaans kb, maar vermeer 6 ste in elke rondte en verspring die plek waar vermeer moet word.

Eindig elke rondte met gs in 1e ks.

*Na bl. 113 vir foto D.*

VAN BLADSY 111

## D. DRIEKLEURIGE SIGSAGRAND

**1e ry:** Hekel met wit garing 'n ry kettingsteke wat 'n veelvoud van 16 plus 1 is. Draai.

**2e ry:** Met wit, gs oor vlg 3 ste, *gaan voort met 1 kb, 1 hlb, 1 lb, 1 dsl, 1 driesl, 1 viersl, 1 driesl, 1 dsl, 1 lb, 1 hlb, 1 kb, 1 gs in elk van vlg 5 ste*; herh van * tot * tot laaste 3 ste van ry en eindig met gs in elk van laaste 3 ste. Draai.

**3e ry:** Met rooi, 3 ks (vir 1e lb), 1 lb in elk van vlg 2 ste, maar hou laaste ls van elk op hekelpen, goh en trek deur al drie ste op pen (= 3-lb-tr). Hekel voort met blou (hou die rooi garing aan agterkant van werk), 1 lb in elk van vlg 5 ste; 5 lb in die vlg st; 1 lb in elk van vlg 4 lb, 1 lb in vlg st, maar wanneer die garing die laaste maal deurgetrek word, trek die rooi draad in plaas van die blou deur. Hekel 'n 5-lb-tr met rooi oor vlg 5 ste*; herh van * tot * tot einde, eindig met 'n rooi 3-lb-tr; draai.

**4e ry:** Met rooi, 3 ks (= 1e lb), 1 lb in elk van vlg 2 ste, hou laaste ls van elkeen op pen, goh en trek deur al drie lse (= 3-lb-tr), *1 lb in elk van vlg 5 lb, 5 lb in vlg lb, 1 lb in elk van vlg 5 lb, 5-lb-tr oor vlg 5 lb*; herh van * tot * deurgaans tot einde van ry, eindig met 3-lb-tr.

**5e ry:** Met wit, hekel soos volg: 3 ks (= 1e lb), 1 lb in elk van vlg 2 lb, hou laaste ls op pen en trek saam deur (= 3-lb-tr), *1 lb in elk van vlg 4 lb, 1 lb in vlg st, maar hekel laaste ls van laaste lb met rooi, nie wit nie, 5 lb in vlg st, vir laaste ls van laaste lb slaan oor na wit en hou aan met wit; 1 lb in elk van vlg 5 lb; 5-lb-tr oor vlg 5 lb*; herh van * tot *, eindig met wit en 3-lb-tr; draai.

**6e en daaropvlg rye:** Herh 3e ry. ●


# Leonora® SHAGGY SPINNER

**ITEMS IS SO MAKLIK OM TE MAAK**

SPESIALE AANBOD



▲ STAP 1: Draai u wolgare op die Kroespoolspinnerraam op.

▲ STAP 2: Verwyder raam van Kroespoolspinner en stik in die middel af op 'n strook.

▲ STAP 3: Stroop wolgare van raam af, knip albei kante oop.

▲ STAP 4: Stik dit nou op u grondmateriaal. Skeur koerantpapier af.

**Met die gebruik van die LEONORA KROESPOOLSPINNER, u eie naaimasjien, ongebleikte kaliko as grondmateriaal en enige tipe van wolgare — ons beveel FIESTA aan — kan u eksklusiewe vloermatte, pragtige muurbehangsels, warm winterjakkies, eksotiese beddekens, motorsitplekoortreksels, mollige speelgoed, donsagtige pantoffels maak — trouens, alles met 'n kroespool. Al hierdie items is heeltemal wasbaar en duursaam.**



Hierdie metode is so vinnig, eenvoudig en revolusionêr dt dit aan 'n patent onderhewig is.

Ons Spesiale Aanbod sluit in u Kroespoolspinner, een badkamerstelpatroon en een muurbehangselpatroon (grootte van muurbehangsel: 120 x 120 cm). Patrone word op papier verskaf en kan dus keer op keer gebruik word. Breedvoerige tweetalige instruksies word ingesluit.

Om die bogenoemde artikels te maak, sal u sowat 1,5 kg FIESTA-wolgare vir elk nodig hê.

Meer patrone is by ons verkrygbaar. (Essenwoodweg 462, Berea, Durban.)

**BESTELVORM** L 2

NAAM: .....

ADRES: .....

.....

..... Kode: .....

| | |
|---|---|
| KROESPOOLSPINNER | R21,00 |
| BADKAMERSTEL UIT PAPIER | R 3,00 |
| MUURBEHANGSELPATROON UIT PAPIER | R 3,00 |
| Posgeld en verpakkingskoste | R 1,00 |
| TOTAAL (insl. AVB) | R28,00 |

**ITEMS KAN AFSONDERLIK BESTEL WORD.**

Ek sluit hierby in my Posorder/Tjek/Kredietkaart Nr. .....

Geld terug indien u nie tevrede is nie en die goedere binne 14 dae terugstuur.

RR 1/7/81

**Stuur aan:**
**LEONORA, Posbus 37444, OVERPORT 4067.**
**Telefoon: Durban (031) 293836,**
Of kom na Essenwoodweg 462, Berea, Durban.